

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOËR HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER:

SS04/09

5 DATUM:

12 MAART 2009

In die saak tussen:

DIE STAAT

10 en

1. GRANVILLE CLAASEN

Beskuldigde 1

2. EUGENE ROBYN

Beskuldigde 2

15

V O N N I S GELEWER OP 12 MAART 2009

BAARTMAN, WnR:

20 (1) Die beskuldigdes is in die Stellenbosch se streekhof
aangekla en skuldig bevind aan verkragting. Die
saak is na skuldigbevinding in terme van artikel 52(1)
van Wet 150 van 1997 ("**die Wet**") na hierdie Hof
verwys vir vonnis.

(2) Die beskuldigdes was regsverteenvoerdig in die laerhof asook in hierdie hof. By die aanvang van die verrigtinge in hierdie hof, het beide die Staat en die verdediging aangedui dat hulle van oordeel was dat die verrigtinge in die laerhof in ooreenstemming met die reg geskied het.

(3) Hierdie Hof het self ook die rekord van die verrigtinge in die laerhof oorweeg en is tevrede dat die verrigtinge in ooreenstemming met die reg geskied het. Die Staat het formeel die rekord van die verrigtinge, in die laer hof, ingehandig as Bewysstuk A. Daarna het hierdie Hof in ooreenstemming met die bepalinge van artikel 52(2)(b) van die Wet hierdie verrigtinge voortgesit.

(4) Die omstandighede van die misdaad blyk uit die rekord van die verrigtinge in die laer hof. Die omstandighede kan as volg opgesom word:

(a) Gedurende die aand van 29 April 2007, het die klaagster en die beskuldigdes, saam met ander vriende en kennisse by 'n smokkelhuis te Koelenhof in die Stellenbosch area gesellig verkeer.

- 5 (b) Later dieselfde aand was die klaagster oppad huis toe in die geselskap van die beskuldigdes. Beskuldigde 2 het skielik aan beskuldigde 1 gesê om stil te staan waarop beskuldigde 1 sonder enige waarskuwing die klaagster teen die grond gestamp het en oor die teerpad getrek het tot in 'n nabygeleë wingerd.
- 10 (c) Die klaagster het haar tevergeefs verset, want beskuldigde 1 het daarin geslaag om haar broek af te trek en met haar geslags-gemeenskap te hê. (met ander woorde, in daardie omstandighede het hy haar verkrag).
- 15 (d) Nadat beskuldigde 1 haar verkrag het, het beskuldigde 2 aangedui dat hy van plan was om ook met haar gemeenskap te hê. Hy het toe daad by die woord gevoeg terwyl die klaagster
- 20 geskree het en haar verset het. (hy het haar dus ook verkrag).
- (e) Daarna het beskuldigde 1 die klaagster 'n tweede keer verkrag. Die klaagster het

deurentyd protes aangeteken, maar die beskuldigdes het geen ag daarop geslaan nie.

(f) Die beskuldigdes het na die verkragting 'n onderlinge gesprek gevoer en kommer uitgespreek dat die klaagster hulle dalk aan haar mansvriend sou verkla, 'n ene mnr Rian May (**May**), wie aan die beskuldigdes bekend was.

(g) Tydens hierdie gesprek onderling tussen die beskuldigdes, het die klaagster probeer weghardloop. Beskuldigde 1 het haar agternagesit, teen die grond neergegooi en in die proses het die klaagster met haar kop teen 'n boom geval.

(h) Beskuldigde 1 het haar toe begin wurg en haar kop in 'n sloot gedruk. Die voorval het in 'n landelike gebied plaasgevind.

(i) Die klaagster het daarin geslaag om van haar aanvallers af weg te kom en het by die naaste woning ingehardloop. Dit was die woning van ene mnr Hentus Joubert (**Joubert**). Die

klaagster het aan hom gerapporteer dat sy verkrag was en dat haar aanvallers haar wou doodmaak. Die klaagster was, volgens Joubert, verbouereerd.

5

(j) Dit blyk uit die slagoffer's verslag, by ooreenkoms in hierdie hof ingehandig as Bewysstuk C, dat:

10

(i) die klaagster ten tye van die voorval, op die plaas De Hoop te Stellenbosch woonagtig was en 'n saamleefverhouding met May gehandhaaf het. Een kind is uit hierdie verhouding gebore.

15

(ii) Die klaagster het krapmerke aan haar gesig opgedoen tydens die voorval. Na die voorval het sy haar hare kort gesny in 'n poging om haar vroulikheid te verbloem. Sy het ook items soos lipstiffie en ooringe vermy.

20

(iii) Na die voorval het die klaagster gesteun op haar vriendin, ene Louis Amos. Laasgenoemde was tydens die voorval

25

swanger met beskuldigde 2 se baba. Die
vriendskap het egter vervaag, nadat me
Amos geboorte geskenk het.

5 (iv) As gevolg van skinderpraatjies deur die
plaaslike gemeenskap in die omgewing,
het die klaagster en May die area verlaat.
May was ontsteld oor die voorval. Die
paar het daarna probleme in hulle
10 verhouding ondervind waarna May by
geleentheid aggressief teenoor die
klaagster opgetree het.

(v) Na die voorval het die klaagster se alkohol
15 verbruik toegeneem. Sy het van whisky
gebruik gemaak as slaapmiddel. Die
klaagster het ook gewig verloor en later
ook haar werk.

20 (vi) Die klaagster het aan 'n beradingsproses
deelgeneem en het daaruit baat gevind.

(5) Wanneer dit by die oplegging van vonnis kom, het
25 hierdie Hof 'n diskresie, maar daardie diskresie moet

uitgeoefen word op 'n regtelike manier met in agneming van die volgende faktore:(Sien **S v Zinn** 1969(2) SA 537 en **S v Masimang en 'n Ander** 2005(1) SACR 5577 (T)).

- 5 (a) die aard en erns van die misdryf;
- (b) die persoonlike omstandighede van die oortreder;
- (c) die belange van die gemeenskap.

10 (6) Ek handel hierna met hierdie faktore as volg:

PERSOONLIKE OMSTANDIGHEDE

Die persoonlike omstandighede:

Beskuldigde No. 1:

15 (7) 'n Voorvonnisverslag was vir beskuldigde 1 opgestel. Sy persoonlike omstandighede blyk, uit die verslag en ook uit die betoog van sy regsverteenwoordiger – die volgende te wees:

20 (a) Hy was 17 jaar en 6 maande oud ten tye van die voorval.

 (b) Hy is die oudste van vier kinders. Die beskuldigde is deur sy moeder as enkelouer grootgemaak. Hy handhaaf goeie verhoudings met sy sibbe asook sy moeder.

25

(c) Beskuldigde 1 het tot op Graad 8 op skool gevorder waarna hy die skool weens assosiasie met 'n negatiewe vriendekring verlaat het.

5

(d) Ten tye van sy arrestasie was die beskuldigde werksaam as algemene werker in die Stellenbosch omgewing. Hy was dan ook woonagtig saam met sy moeder en jonger sibbe. Hy het R250 per week verdien waarvan hy R150 per week tot die huishouding bygedra het.

10

(e) Die beskuldigde is reeds 24 maande in hegtenis as verhoofafwagtende op hierdie saak, hy is ook 'n eerste oortreder.

15

(f) Mnr Jason, die maatskaplike beampte wie die voorvonnisverslag oor beskuldigde saamgestel het, meld dat die beskuldigde steeds ontken dat hy gemeenskap met die klaagster gehad het sonder haar toestemming. Mnr Jason is van mening dat die beskuldigde baat sal vind by die Korrektiewe Dienste se program vir seksuele oortreders. Hy meld dat dit 'n drie jaar program is.

20

25

(8) **Beskuldigde 2:**

- 5 (a) Beskuldigde 2 was 24 jaar oud ten tye van die voorval. Hy is ongetroud en die vader van ses minderjarige kinders. Die kinders is verwek by vyf verskillende dames.
- 10 (b) Tydens die voorval was die beskuldigde werksaam as 'n algemene plaaswerker en het hy R1 500 per maand verdien. Ten einde sy onderhoudsverpligtinge na te kom, het beskuldigde 2 ekstra werk as 'n sweiser verrig, waaruit hy dan ook 'n ekstra inkomste verdien het.
- 15 (c) Beskuldigde 2 is ook reeds 24 maande in hegtenis as verhoorafwagtende. Hy is ook 'n eerste oortreder.

20 **Die erns van die misdaad**

- (9) Al die partye is dit eens dat verkragting 'n ernstige oortreding is. Die omstandighede waaronder hierdie misdryf gepleeg is, is erg verswarend. Die klaagster, moet die Hof egter noem, was gelukkig om met haar lewe daarvan af te kom. Dit blyk uit die
- 25

omstandighede uit dat nadat sy probeer weghardloop
het, soos aangedui, beskuldigde 1 haar op die grond
neergegooi het, gewurg het en in 'n sloot probeer haar
gesig indruk het. Sy het nogtans daarin geslaag om
5 weg te kom.

(10) Die misdryf is dan ook een genoem in Deel I van
Bylae 2 van die Wet. Die strafbepaling van
toepassing op hierdie misdryf is lewenslange
10 gevangenisstraf. Die Wetgewer kon nie in sterker
terme uitgedruk het die erns waarmee hierdie misdryf
beskou word nie.

(11) Die huidige vlaag van gewelddadige misdrywe, soos
15 moord, verkragting en roof noop die howe om ten
sterkste in 'n sterk terme hulle misnoeë daaroor uit te
spreek. (Sien **S v Matola en 'n Ander** 1998(1) SACR
206 (O)).

20 **Minimum Vonnisse:**

(12) By oorweging van vonnis moet hierdie Hof dan ook in
ag neem dat die Wet op Minimum Vonnisse van
toepassing is op hierdie misdryf.

(13) Ek het by die oorweging van hierdie aspek in ag geneem die riglyne soos dit uiteengesit is deur MARAIS, JA in die saak van **S v Malgas** 2001(1) SACR 469 (SACR):

5

“(19) There has been some uncertainty as to whether the words ‘substantial and compelling’ are to be examined separately or conjointly in attempting to arrive at Parliament’s intention and in applying them to the particular circumstances of a case. In my opinion, it is a barren exercise to subject each to intense scrutiny on its own devoid of the influence of its neighbour. The Legislature refrained from using the word ‘or’ in favour of the word ‘and’ and has thus provided a composite description of the circumstances which can justify a departure from the prescribed sentences. What Parliament requires is that the circumstances should meet the test of the composite description.

10

15

20

(20) It would be an impossible task to attempt to catalogue exhaustively either those circumstances or combinations of circumstances which could rank as substantial and compelling or those which could not. The best one can do is to acknowledge that one is obliged to keep in the forefront of one's mind that the specified sentence has been prescribed by law as the sentence which must be regarded as ordinarily appropriate and that personal distaste of such legislative generalisation cannot justify an indulgent approach to the characterisation of circumstances as substantial and compelling. When justifying a departure a court is to guard against lapses, conscious or unconscious, into sophistry or spurious rationalisations or the drawing of distinctions so subtle that they can hardly be seen to exist.

(21) It would be foolish of course, to refuse to acknowledge that there is an abiding reality which cannot be wished away,

namely, an understandable tendency for a court to use, even if only as a starting point, past sentencing patterns as a provisional standard for comparison when deciding whether a prescribed sentence should be regarded as unjust. To attempt to deny a court the right to have any regard whatsoever to past sentencing patterns when deciding whether a prescribed sentence is in the circumstances of particular case manifestly unjust, is tantamount to expecting someone who has not been allowed to see the colour blue to appreciate and gauge the extent to which the colour dark blue differs from it. As long as it is appreciated that the mere existence of some discrepancy between them cannot be the sole criterion and that something more than that is needed to justify departure, no great harm will be done.

(22) What that something more must be it is not possible to express in precise, accurate

and all-embracing language. The greater the sense of unease a court feels about the imposition of a prescribed sentence, the greater its anxiety will be that it may be perpetrating an injustice. Once a court reaches the point where unease has hardened into a conviction that an injustice will be done, that can only be because it is satisfied that the circumstances of the particular case render the prescribed sentence unjust or, as some might prefer to put it, disproportionate to the crime, the criminal and the legitimate needs of society. If that is the result of a consideration of the circumstances, the court is entitled to characterise them as substantial and compelling and such as to justify the imposition of a lesser sentence.

(23) While speaking of injustice, it is necessary to add that the imposition of the prescribed sentence need not amount to a shocking injustice ('n skokkende onreg' as it has been put in some of the cases in the

High Court) before a departure is justified.
That it would be an injustice is enough.
One does not calibrate injustices in a
court of law and take note only of those
which are shocking.

(24) It has been suggested that the kind of
circumstances which might qualify as
substantial and compelling are those
which reduce the moral guilt of the
offender (analogously to the
circumstances considered in earlier times
to be capable of constituting 'extenuating
circumstances' in crimes which attracted
the sentence of death). That will no doubt
often be so but it would not be right to
suppose that it is only factors diminishing
moral guilt which may rank as substantia
and compelling circumstances."

(14) Ek het verder die beginsels soos vervat in die
ongerapporteerde saak van **Bongani Philip Vilakazi**
v S, saaknommer 576/07 uitspraak gelewer op 2

September 2008 in ag geneem. NUGENT, JA sê as
volg op bladsy 12, paragraaf 20:

5 “I have pointed out that the essence of the
decisions in Malgas and Dodo is that a court is
not compelled to perpetrate injustice by
imposing a sentence that is disproportionate to
the particular offence. Whether a sentence is
proportionate cannot be determined in the
10 abstract but only upon a consideration of all
material circumstances of the particular case,
though bearing in mind what the Legislator has
ordained and the strictures referred to in
Malgas. It was also pointed out in Malgas that
15 a prescribed sentence need not be “shockingly
unjust” before it is departed from for “one does
not calibrate injustice in a court of law”. It is
enough for the sentence to be departed from
that it would be unjust to impose it.”

20

(15) Na oorweging van die faktore uiteengesit deur die
howe en die persoonlike omstandighede van die
beskuldigdes, soos uiteengesit in die verslag ten
opsigte van beskuldigde 1 en die toespraak deur hulle
25 regsverteenwoordigers, die omstandighede van

hierdie misdryf, is ek van mening dat lewenslange
gevangenisstraf nie 'n gepaste vonnis in die
omstandighede is nie. Dit is my mening ten opsigte
van albei beskuldigdes. Dit sal in my oordeel neerkom
5 op 'n "unjust sentence" soos bedoel in die Vilakazi-
saak.

(16) Ek vind die volgende is omstandighede wat
substansieel en dwingend binne die omskrywing van
10 die Wet is. Die omstandighede is soos volg:

(a) **Beskuldigde 1**

- (i) Hy was 17 jaar oud ten tye van die
pleging van die misdryf.
- 15 (ii) Alkohol het 'n rol gespeel by die pleging
van die misdryf. Hy is reeds 24 maande in
hegtenis as 'n verhoorafwagtende
gevangene.
- 20 (iii) Hy is 'n eerste oortreder.

(b) **Beskuldigde 2**

- (i) Hy was 24 jaar oud ten tye van die pleging
van die misdryf.

(ii) Hy is reeds 24 maande in hegtenis as verhoorafwagende.

(iii) Hy ook 'n eerste oortreder.

5

(iv) Die beskuldigde het ook alkohol gebruik kort voor die voorval, Die effek daarvan op hom is nie voor die hof nie, nogtans neem die Hof in ag wat die geleerde Regter gesê het in die saak van **S v Njikelana** 2003(2) SACR 166 op 174d-e meld die Hof:

10

15

"Liquor unfortunately reduces inhibitions and the ability to resist temptations of various kinds."

20

(17) Soos reeds gemeld is die omstandighede van hierdie misdryf erf verswarend. Die klaagster het die beskuldigdes vertrou, sy was weerloos en volgens hierdie Hof gelukkig om met haar lewe daarvan af te kom.

(18) Verkragting is ongelukkig 'n misdryf wat veelvuldig voorkom.

(19) Die beskuldigdes toon geen berou oor hierdie
5 misdryf nie. Thring, R handel met die aspek van berou in die Njikelana saak as volg op 175 para d-e:

10 "The total lack of remorse which you have shown for your crime, is not in itself an aggravating factor, but the absence of remorse obviously means that it is not open to you to rely on remorse as 'n mitigating factor."

15 (20) Ek is van mening dat dit in hierdie saak gepas en ook wenslik is om onderskeid te tref tussen die vonnisse van die beskuldigdes. Die ouderdom van beskuldigde 1 ten tye van die pleging van die misdryf is volgens my oordeel 'n belangrike faktor
20 wat dui op die gepastheid van onderskeid. Namens beskuldigde 1 het sy regsverteenwoordiger versoek dat hy in terme van artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet gevonniss word. Daardie vonnis sal na my mening die
25 persoonlike omstandighede van beskuldigde 1

oorbeklemtoon ten koste van die ander relevante faktore wat by vonnisoplegging in ag geneem moet word. Die voorgestelde vonnis neem ook nie in ag die rol wat beskuldigde 1 tydens die pleging van die misdaad gespeel het nie. Die Hof is ook van mening dat langtermyn gevangenisstraf van meer as vyf jaar gevangenisstraf gepas is in hierdie geval.

VONNIS:

By oorweging van al hierdie faktore is die Hof van mening dat die volgende "a just sentence" is in hierdie geval, soos uiteengesit in die Vilakazi-saak. Die beskuldigdes word as volg gevonniss:

(21) Beskuldigde 1: U word gevonniss tot AGTIEN (18) JAAR GEVANGENISSTRAF.

(22) Beskuldigde 2: U word gevonniss tot , DRIE-EN-TWINTIG (23) JAAR GEVANGENISSTRAF.



BAARTMAN, WnR